## AFDELING B.

## Hoofstuk IV.

## Kritiek op die leerplan van die Skoolplase van Kaapland.

As ons aan die leerplan van die skoolplase van Kaapland dink, dan moet ons onthou dat ons hier te doen het met 'n paar skole wat op hulle eie die stelsel aangepak en probeer deurvoer het. Van owerheidsweë het hulle geen erkenning vir hulle inisiatief ontvang nie. In Transvaal is dit as 'n grootse onderneming deur die Departement van Onderwys en die Provinsiale Administrasie aangepak en deurgevoer; in Kaapland moes die paar skoolplase op hulle eie kragte steun en hulle eie heil uitwerk. Daar is gevolglik vir die skoolplase van Kaapland geen spesiale voorsiening gemaak, of vryhede vergun wat die leerplan, of leerplansamestelling betref nie. Hulle was aangewys op die bestaande leerplanne voorgeskryf vir alle Kaaplandse skole, en daaruit moes hulle maar die beste maak.

Dit is nie nodig dat ons die leerplan, soos gebruik in Kaaplandse skole, hier nader bespreek nie. Ons neem vir ons doel die leerplan, soos gebruik op skoolplase, wat min of meer verteenwoordigend is vir alle skole.

1. Die Skoolplase met laerafdelings:

Aangesien twee van die Kaaplandse skoolplase slegs laerskole tot Standerd VI was, en die ander skoolplaas ook 'n laerafdeling by die hoërafdeling gehad het, is dit nodig dat ons kortliks die leerplanne van die laerskool sal behandel. Die onderwys in die laerskool kan ons beskou as die voortsetting van die onderwys wat die kind tot sy sesde jaar by die huis ontvang het. Dit sluit onderwys tot hoogstens die veertiende jaar in.

Hier het ons opsetlike onderwys wat moet voorsien in die behoeftes van die nog onrype kind.[1] Hierdie onderwys is elementêr en fundamenteel. Die kennis en vaardigheid wat die kind hier verwerf, vorm die minimum toerusting waarmee hy die praktiese lewe kan aandurf, maar terselfdertyd ook die basis vir sy middelbare skoolopleiding.

In die tydperk van primêre onderwys is die kind besig om elementêre kennis uit die mond van sy leermeester te verwerf en om die nodige vaardighede van lees, skryf en reken aan te leer.

Die leerplan van die laerskole van Kaapland is opgestel om aan die eise van die meeste skole, hoofsaaklik dorpskole te voldoen en die plaasskole moes maar met die leerplan tevrede wees. Dit was opgestel met 'n dorpsagtergrond vir die dorpskind, meestal deur persone wat van die behoeftes van die plattelandse kind min geweet het. Die skool was ingerig vir intellektuele verrigtinge alleen. Die tale en rekenkunde was die belangrikste vakke in die leerplan met 'n bietjie geskiedenis, aardrykskunde en natuurstudie.

Die leergange van hierdie laerskoolvakke was ook so saamgestel dat die plattelandse kind daar weinig belang in gestel het. Met indiwiduele verskille is daar skaars rekening gehou en min voorsiening was gemaak om ook vir díe kind, wat meer prakties aangelê was, een of ander vaardigheidsvak soos handwerk, in te voeg. Die kind wat nie kon somme maak nie, het net gewag om sestien jaar oud te word sodat hy die skool kon verlaat. Geen vindingrykheid of inisiatief kan in die leerplan van die laerskool bespeur word nie. Dat die plattelandse kind,

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Laer-Onderwys, 7.

met sy meer nugtere en praktiese aanleg baie meer gely het as die dorpskind, val nie te betwyfel nie.

Die Departement het dit by monde van die inspekteurs ook baie duidelik gestel, dat van die bestaande leerplanne nie afgewyk moes word nie. Dit is dan ook te begrype dat die kind die skool en die lewe daarbuite as twee aparte begrippe gesien het, wat niks met mekaar te doen gehad het nie. Wat hy in die skool geleer het, kon hy nie in verband bring met die praktiese probleme daarbuite nie; nog minder het hy ooit daaraan gedink om met sy probleme skool-toe te kom. Daar is tot hiertoe nog nie besef dat die kind se inherente belangstelling in sy onmiddellike omgewing diensbaar gemaak kon word aan sy eie ontwikkeling nie.

'n Mens sou verwag dat 'n skool wat so drasties verskil van ander skole wat organisasie, aktiwiteite, ensovoorts betref, ook heeltemal sou afwyk van die tradisionele leerplan en ook 'n nuwe rigting hier sou inslaan.

Die inisiatief in die verband is egter te gou al in die kiem gesmoor.

Landbou-natuurkennis[1] is eers in 1935 ingevoeg in die leerplan en nou kon die skoolplase in hierdie een vak hulle behoorlik uitleef. Hiermee kon die praktiese landbou en proefpersele met die teorie in die klaskamer in verband gebring word.

Hoewel die laerskool vir algemene onderwys moet sorg en uiteraard dus voorbereidend moet wees en nie besondere onderwys moet beklemtoon nie, is dit tog wenslik dat die leerplan sal aanpas by plaaslike toestande. Hierdie aanpasbaarheid mis ons by die leerplanne van

---

1. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 116.

die laerskole van die skoolplase in Kaapland.

In 1938[1] is die leerplan egter enigsins verbreed, deurdat vakke soos handwerk (rottangwerk), tekene en burgerkunde toegevoeg is, om sodoende die kind se drang om selfaktief mee te doen, te bevredig. Die aangewese rigting vir die skoolplase sou nou wees om die verskillende vakke van die leerplan met praktiese voorbeeld op die plaas aan te vul sodat die skool en die lewe daarbuite vir die kind een kan word. Dit lyk egter nie of die leerplan hom daarvoor ideaal ontleen nie. Dit sou moeilik wees om 'n leerplan vir die laerskool saam te stel wat aan die vereistes van die skoolplaas-aktiwiteite sal voldoen, aangesien ons 'n leerplan verkies wat algemeen-vormend moet wees. Dit kan dus slegs met die plaasaktiwiteite korreleer maar nie 'n integrale deel daarvan vorm nie - nie 'n praktiese funksie op sigself vervul nie. „There is, in theory at least, no possibility of differentiation in achievement for the students in these fundamental essentials. There are only those who can attain basic standards and those who cannot. The elementary school is a training ground for all."[2]

Dit is dan ook opvoedkundig gesond as die leerplan van die laerskool so sal wees dat dit elementêre onderwys sal verskaf wat 'n maksimum kennis en vaardigheid aan die kind sal verskaf deur prakties gebruik te maak van die voller en gesonder plaaslewe om hom heen. Sodoende sal nie tot die ander uiterste oorgehel word, waar die praktiese vakke oorbeklemtoon ~~word~~ word en min erkenning vir die inhoudsvakke verkry word nie. Die

---

1. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 114.
2. Draper : Principles and techniques of Curriculum making, 33.

doel met die skoolplaas moet, wat die leerplan betref, slegs wees om die kind te help om die gewone laerskoolvakke te bemeester. Die praktiese vakke moet eerder die uitsondering as die reel wees in die leerplan van die laerskool, en die uitsondering sal hoofsaaklik betrekking hê op spesiale klasse in die laerafdeling van die skoolplase.

By een skoolplaas wat net laer-onderwys aanbied, t.w. Winton,[1] is die volgende praktiese vakke van tyd tot tyd aangebied naamlik houtwerk, naaldwerk, tuinwerk, en landbou. Hierby is ook nog kunsvakke gevoeg soos wolwerk, kunsnaaldwerk en pluzette.

Ons voel dadelik dat die praktiese vakke hier heeltemal oordoen word en dit kan nie anders as om ten koste van die algemene inhoudsvakke te geskied nie. Dit moet sterk beklemtoon word dat ons in die laerskool sulke vakke alleen kan aandurf om te korreleer met die gewone laerskoolvakke om sodoende die hele mens op te voed - nie net vaardig met sy hande, maar leeg van binne nie, daar moet ook kennis wees, wat alleen verkry kan word as hierdie onderwys van 'n algemene aard is. Dit is onbillik teenoor die kind, selfs die dom kind, om hom maar met handwerkies besig te hou, totdat hy die ouderdom bereik het om die skool te verlaat. Ons kan nie bewys dat die dom kinders, met die algemene opvoeding uit die laerskoolleerplan, nie voordeel trek nie. Dit is gewoonlik normaalweg, tot by die kind se twaalfde of dertiende jaar wat hy in die laerskool deurbring en ons is van mening dat die laerskoolleerplan met hoogstens een praktiese vak soos naaldwerk vir meisies en houtwerk of

---

1. Vermeulen : Die skoolplase in Kuruman, 114.

kunsvlyt of tuinbou vir seuns die beste kan voldoen aan die behoeftes van die nog onrype jeug.

Die feit dat die laerskole van die Kaaplandse skoolplase verplig was om vas te hou aan die tradisionele leerplanne is dus, wat die kinders betref, 'n seën. Daardie kinders was verseker van 'n vaste fondament waarop die latere struktuur van opvoeding en onderwys, of dit van 'n akademiese of beroepskundige aard sou wees kom nie daarop aan nie, opgerig kon word.

Dit is egter belangrik dat die leergange in byvoorbeeld natuurkennis- landbou so uitgewerk sal word, dat dit by die omgewing sal pas. Hierin, meen ons, het die invoeging daarvan in die leerplan van 1935 'n besondere betekenis. Die plaaskind kon nou die skool- en plaasaktiwiteite met mekaar versoen, ~~en~~ Dit het as gevolg gehad dat 'n landelike gees in die landelike skole tot sy reg gekom het.[1]

2. Die hoërskoolleerplan:

Hier het ons meer in besonder te doen met die leerplan van Seodin, aangesien dit die enigste skoolplaas is wat middelbare onderwys verskaf. Hoewel dit as skoolplaas gestig en ontwikkel het, en vandag nog 'n skoolplaas is, verskil die leerplan weinig van die van gewone hoërskole. Aan Seodin is nie die vryheid verleen om sy eie leerplan, volgens die behoeftes van die omgewing, te kies nie. Uit 26 vakke voorgeskryf vir die juniorsertifikaat-eksamen en 31 vakke vir die seniorsertifikaateksamen, moes die leerplan vir Seodin saamgestel word. Ons sou verwag dat 'n leerplan vir Seodin, eerder sou ontwikkel volgens die behoeftes van die omgewing

---

1. Verslag Konferensie oor Landelike Onderwys, 1934, 5.

waarin dit geleë is, as dat dit van bo-af deur die onderwysoutoriteite afgedwing sou word. Van die begin af was dit baie duidelik dat hierdie stremmende faktore ook die groei van die skoolplaasgedagte op Seodin sou belemmer.

Op die volgende gebreke in verband met die leerplan van Seodin wil ons graag wys:

(a) Gebrek aan Godsdiensonderwys:

In ooreenstemming met ons Calvinisties Christelike wêreldbeskouing ken ons 'n ereplek toe aan godsdiensonderwys in die leerplan. In die leerplan vir Seodin word egter geen voorsiening gemaak vir godsdiensonderwys nie. Daar is wel gesamentlike opening wat skaars tien minute duur en waar uit die Bybel gelees, gesing en 'n gebed gedoen word. Godsdiensonderwys behoort een van die vernaamste vakke te wees op die laer- en middelbare skool. Dit moet alle ander vakke op die lesrooster voorafgaan en deur 'n onderwyser self gegee word gedurende skoolure.

Volgens die leerplan wat nou van Standerd VI tot Standerd VIII in alle middelbare skole in Kaapland gevolg sal word, word slegs 80 minute per week aan godsdiensonderwys afgestaan.[1] Dit kom dus maar byna op dieselfde neer as wat die toestand tot nou was. Die skool is een van die belangrikste vormende faktore in die lewe van ons volk, daarom moet godsdiensonderwys 'n sentrale plek in die leerplan inneem.[2] Dit kan ook as die onvervreembare reg van die Christelike onderwyser beskou word om aan die christenkind godsdiensonderwys te gee. Hierdeur moet die kind geleer word om God te ken, lief te hê en te dien.[3] Die hele opvoeding moet daarom met die religieuse

1. Onderwysgaset van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop Deel L. No.11, 743.
2. Greyling : Christelike en Nasionale Onderwys, 106.
3. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 326.

onderrig deursuur wees.

Hoewel godsdiensonderwys nie as 'n eksamenvak beskou en behandel moet word nie, is dit tog noodsaaklik dat minstens 30 minute per dag op die lesrooster aan godsdiensonderwys afgestaan sal word, en dat dit as 'n belangrike vak in die leerplan van die middelbare skool opgeneem sal word.

(b) Differensiasie:

Ons wil graag in die leerplan 'n groot aantal vakke hê omdat 'n beperking van die leerstof die kind se ontwikkeling sal strem. Leerlinge verskil onderling en daarom moet ons 'n verskeidenheid van vakke aanbied. 'n Verskeidenheid van vakke is ook nodig omdat die lewe verskeie is en elke vak benader die rykdom van die lewe van 'n bepaalde gesigspunt.[1] Die meeste leerlinge verskil ook van nature wat hulle belangstelling betref en daarom moet ons in die leerplan differensieer. Dit is noodsaaklik dat die besondere aanleg en verstandelike vermoë van elke leerling so vroeg moontlik ontdek en sy opvoeding sodanig ingerig word, dat die tyd wat hy op skool deurbring, so vrugbaar moontlik gemaak kan word.

Die middelbare skool begin met die opvoeding van die vroeë adolessent en daarom moet dit trag om op die breë grondslag wat in die primêre skool gelê is, voort te bou en meer uitgebreide basiese algemene opvoeding aan die kind te verskaf.[2] Die leerplan moet in ons moderne lewe waarin daar soveel belangstellingsrigtings is, aanpas by en uitgaan van die liggaamlike en geestelike behoeftes en vermoëns van die vroeë adolessent.[3]

---

1. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 317.
2. Onderwysgaset van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop Deel L No.11, 738.
3. Coetzee en Bingle : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 17.

Daarby moet egter gevoeg word dat teorie en praktyk moet meetel by die vasstelling van 'n leerplan vir die middelbare/skool. As die vakkeuse te breed is, sal dit onmoontlik kan voldoen aan die eise van die skoolorganisasie. Die gevolg sal wees dat dit lomp en onuitvoerbaar is.

Op Seodin is probeer om 'n groot aantal vakke in die leerplan op te neem. Dit was egter beperk deur die feit dat dit slegs uit die 26 vakke voorgeskryf vir juniorsertifikaat en 31 vakke vir die seniorsertifikaat, gekies moes word. Ons moet ook onthou dat daar net 'n beperkte personeel verantwoordelik was om die vakke te doseer, en dat dit dus ook 'n groter vakkeuse sou belet. Die groot aantal vakke wat aangebied word is wel goed, maar tot 'n groot mate onuitvoerbaar en bring dit mee dat sommige vakke eenvoudig weggelaat moet word, omdat net 'n paar kinders dit kies of omdat geen geskikte personeel gevind kon word om die vakke te doseer nie. So 'n wye vakkeuse stel dan ook besondere hoë eise aan die personeel, want dit veronderstel dat elke onderwyser minstens twee vakke sal moet onderrig. Dit val te betwyfel of die skool altyd gelukkig genoeg sal wees om die personeel te kry wat aan die vereistes sal voldoen.

Die feit dat 'n praktiese vak vir seuns soos hout- en metaalwerk in die leerplan ontbreek, terwyl die meisies huishoudkunde en naaldwerk kan neem, word beskou as 'n groot leemte. Daar behoort vir seuns 'n moontlikheid gebied te word om in hierdie rigting hulle te bekwaam, en dit behoort pragtig aan te pas by landbou, met 'n moontlike onderdeel soos plaaswerktuigkunde.

Aangesien hierdie skool so afgesonderd lê, vind ons dit nodig dat leerlinge wat boekhou en handelsrekene

kies, 'n kans sal kry om vir die laaste twee jaar aan die middelbare skool ook tikskrif en snelskrif te neem, om sodoende in die handelsrigting beter toegerus te word. Op die oomblik moet sulke leerlinge 'n tweehonderd myl ver gaan na die naaste skool waar hulle hierdie vakke kan neem, en dit het as gevolg dat baie die skool liewer verlaat as om verder te studeer.

In verband met die vak landbou wat aangebied word, is dit eienaardig dat die leergang meer toegespits is op besproeiingsboerdery, terwyl die skool in 'n droë streek geleë is waar beesboerdery die belangrikste is. Die leergang behoort dus veeteelt as 'n baie belangrike afdeling te beklemtoon en proewe in daardie rigting moet uitgevoer word. Hierdeur sal 'n liefde vir die eie bodem en diere aangekweek word en sal die kinders tot die regte gesindheid in verband met die boerdery van die distrik gebring word. Die ondervinding van die praktiese landbou sal die kinders kan meeneem om in hulle later lewe te gebruik. Sodoende kan die skool 'n belangrike middelpunt in die omgewing word, wat ook die moontlikhede van volwasse onderwys later sal kan aanbied om belangstelling in die skool te wek.

Daar word 'n onreg die leerlinge aangedoen deur 'n derde taal uit te laat uit die leerplan. Al die leerlinge wat aanpassing by die universiteit wil vind,is verplig om wiskunde te neem, terwyl hulle miskien 'n groter aanleg vir tale het en 'n beter kans om die middelbare-skool-kursus met sukses te deurloop. Baie leerlinge moes dan ook al vind, nadat hulle die matrikulasie-eksamen met onderskeiding geslaag het, dat hulle vakkeuse sodanig was dat hulle nie toelating tot die universiteit kon verkry nie.

Baie knap leerlinge is al, as gevolg van organisasie moeilikhede die voorreg ontsê om natuur- en skeikunde te neem omdat die grootste aantal die maklikste weg kies en biologie neem en die minderheid dan maar moet buig. Aangesien natuur- en skeikunde 'n vereiste is vir persone wat hulle wil bekwaam as aptekers, landbou tegnici ens. word sulke leerlinge se toekomsplanne heeltemal in die war gestuur. 'n Meisie kan byvoorbeeld, saam met die twee tale en geskiedenis, drie praktiese vakke soos fisiologie, huishoudkunde en naaldwerk vir die matrikulasie-eksamen aanbied. Haar keuse vir verdere studie word daardeur heeltemal beperk.

(c) Vir leerlinge wat na aflegging van Standerd VIII die skool verlaat, moet spesiale voorsiening gemaak word. Volgens statistieke wat bygehou is,[1] kon ons bepaal dat in die 20 jaar tot 1947, 480 leerlinge wat in die vorige jaar Standerd VIII was, nie teruggekeer het nie. Dit beteken 'n gemiddeld van 24 per jaar of 40%. Aangesien Seodin 'n groot voedingsgebied het, en die meeste van hierdie leerlinge terugkeer na die plase, en 'n groot aantal aangewys is op beroepe waarvoor 'n Standerd VIII-sertifikaat, 'n minimum vereiste is, moet daar in die leerplan vir hierdie leerlinge voorsiening gemaak word. Vir die meisies word reeds redelike voorsiening gemaak in die praktiese vakke soos huishoudkunde, naaldwerk, en fisiologie, maar eersgenoemde twee vakke behoort as halwe vakke aangebied te word, en moet tikskrif en snelskrif bygevoeg word. Die leerplan vir die seuns behoort verryk te word met praktiese vakke soos praktiese landbou en handwerk.

---

1. De Villiers : Statistieke bygehou - aangeheg as bylae.

Volgens die nuwe beleid van die Kaaplandse Departement[1] word die Standerd VI klas nou by die middelbare afdeling gevoeg, en verpligte onderwys word opgeskuif na Standerd VIII. In die geval sal dit veral noodsaaklik wees om voorsiening te maak vir die groep wat net tot Standerd VIII sal gaan, en dus algemene onderwys behoort te ontvang met 'n paar praktiese vakke daarin opgeneem. Die leerplan,[2] soos voorgestel, beantwoord redelik goed aan die vereiste maar ons voel dat beroepsvoorligting as 'n nie-eksamenvak bygevoeg behoort te word.

Die eerste en tweede jaar van die kursus behoort deur onderwysers en leerlinge as 'n tydperk van ondersoek beskou te word ten einde die besondere aanleg en werkvermoë van die leerlinge te ontdek.[3]

As hierdie toets vir aanleg so ver moontlik in die eerste jaar gedoen word, kan leerlinge wat die aanleg het en wat wil deurgaan tot matriek, toegelaat word om slegs akademiese vakke te kies. Sodoende behoort die vakkeuse vir die Standerd VIII-groep geen moeilikheid te gee nie.

So 'n leerplan sal dan die minimum kennis, vaardigheid en kulturele vorming aan die kind gee wat hy nodig het, sodat hy tot 'n groot mate selfstandig en nuttig deur die lewe sal kan gaan al kon hy nie die matrikulasie-eksamen aflê nie.

---

1. Onderwysgaset van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop Deel L No.11, 738.
2. Onderwysgaset, Deel L. No.11, 743.
3. Ibid., 742.